HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 120 van 2026

6 November 2026

Geagte Ouer/voog en Graad nege seuns

OUDISIES VIR DIE RANDBURG KOOR 2027

Soos almal reeds weet, het ons in November 2025 'n wonderlike koordirigent aangestel. Mev. Renette Bouwer het geen bekendstelling nodig nie. Meeste mense ken haar as die dirigent van die Universiteit van Johannesburg se koor asook Affies meisies.

Ons is ongelooflik bevoorreg om haar as ons koor se dirigent te kan hê. Om regtig vooruitgang te bewerkstelling (en daar was reeds meetbare vooruitgang die afgelope 12 maande) moet die koor gebalanseerd wees. Ons het genoeg alte, soprane en tenore, maar ons benodig nog 'n paar basse – manne met diep stemme wat kan sing. Basse dra die koor en is 'n baie belangrike komponent daarvan.

Die bestuur het dit goed gedink om soos jare tevore, toe mr. Rigter Grimbeeck die dirigent was en ons koor die ATKV-kompetisie in hul afdeling gewen het, al die graad nege seuns oudisies te laat aflê. Hierdie manne se stemme het reeds gebreek en sal 'n groot bydrae tot die koor kan maak.

Daar sal voorts jaarliks oudisies vir die graad nege seuns wees – sodoende sal ons aan 'n wonderlike koor bou.

Die oudisies vind **Dinsdag, 10 November 2026** na afloop van die FW fisiese ekstra klas in die klubhuis by die astro baan plaas en is verpligtend.

Gr 9A, 9C en 9F – 07:30-08:30
Gr. 9B, 9D en 9G – 08:30-10:40
Gr. 9E en 9H – 10:40-11:45
Gr. 9I – 11:45-12:15

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

Mev. Madeleine Raubenheimer en mnr. Pieter Booysen sal die seuns ontvang. Die oudisies sal nie lank neem nie. Die seuns sal elkeen alleen die oudisie doen. Mev. Renette Bouwer sal die oudisies waarneem.

Wat moet ek kan sing?

Enige versie van Stille Nag. Alternatiewelik Die Volkslied. Woorde kan op 'n selfoon gevolg word, dit is nie nodig om dit uit die kop te ken nie.

Baie sterkte, ons sien uit om nuwe talent te ontgun! Ek waardeer elke seun se samewerking.

Vriendelike Randjiegroete,

P. Booysen
Skoolhoof